**WOENSDAG 8 APRIL**

**SKRIF- EN FOKUSGEDEELTE: HANDELINGE 13:4-12 (NAV)**

**Elimas – Teenstand is moontlik terwyl jy die evangelie verkondig**

Jesus Christus verwag van jou om die evangelie te verkondig (Matt. 28:19). Jy is toegerus met die Heilige Gees om die werk te doen (Hand. 1:7). Dit beteken egter nie dat alles voorspoedig sal gaan terwyl jy verkondig nie. Satan stuur soms agente om jou af te skrik of te voorkom dat jy die blye nuus verkondig.

Paulus en Barnabas het op die eiland Pafos aangekom om die Woord van God te verkondig. Sergius Paulus, die Romeinse goewerneur, het groot belangstelling in filosofie en nuwe gelowe gehad. Hy het Paulus en Barnabas opgekommandeer om die "nuwe geloof" wat soos 'n veldbrand deur Ciprus versprei het, aan hom bekend te stel.

Daar was 'n Joodse towenaar Elimas (die wyse), wat homself as 'n profeet op die eiland uitgegee het. Hy was blykbaar deel van die hofpersoneel van die goewerneur en het ook die oudiënsie bygewoon. Hy wou verhoed dat die goewerneur in Jesus glo, moontlik omdat dit sy werk in gedrang sou bring. Hy was 'n instrument van Satan om die evangelie te blokkeer.

*Paulus, vol van die Gees, het hom skerp aangekyk en gesê: Duiwelskind! Deurtrapte skelm en bedrieër! Vyand van alles wat reg is! Sal jy ophou om in die pad van die Here te staan! (vs 10).* Die Here het die towenaar daar en dan tydelik met blindheid geslaan. Die gebeure het daartoe gelei dat die goewerneur 'n gelowige geword het.

Teenstand terwyl jy die evangelie verkondig, moet jou nie onkant vang of stuit nie. Geniet dit om van die verlossing in Jesus Christus te vertel.

*Sing: Psalm 2:1 (1936)*
*Dr. PJ (Peet) Vermeulen (Wapadrant)*